



GOUE NUUS

Somer uitgawe - Des 2018



Suid-Afrikaanse Woonwa Assosiasie

Streek Goudrif

Est. 9 Junie 1984

Posbus 3554, Randgate, 1763 // jsmk@lantic.net // 074 204 1179

Oordenking – Kersfees.

Nuwe Lewende Vertaling Lukas 2: 10-11 Ek bring vir julle goeie nuus wat groot blydskap vir almal inhou! Die Verlosser – ja, die Messias, die Here – is vannag in Betlehem, die tuisdorp van Dawid, gebore!

Kersfees bly 'n wonderlike tyd – of jy nog 'n kind is en met sterre in jou oë na al die presente onder die boom kyk en of jy reeds volwasse is en jy die samesyn van familie en vriende meer waardeer. Ons as Christene het natuurlik die verdere vreugde dat dit dié dag is waarop ons die geboorte van ons Verlosser herdenk.

Die hele wêreld raak so meegevoer deur die idêe van Kersfees, maar baie mense se feesviering is leeg en bestaan hoogstens uit presente en lekker eet.

Ons as Christene moet onthou om só te leef dat ander die verlossingsvreugde in ons lewe kan sien,. Ons lewens en dade moet hulle oortuig dat daar geen ander opsie in die lewe is as om God in hulle lewens in te nooi nie. Wie weet . . . dalk is hulle volgende Kersfees ook gevul met die ware liefde van Christus, 'n diep en wonderlike besef van God wat inderdaad by ons is.

Ds Andries Enslin.

Dagboek solank dié Goudrif-gebeure te wagte in 2019.

25-27 Januarie > Eastco (Magalies)	26-28 Julie > Manjane (Pilansberg)
22-24 Februarie > Umfula (Parys)	8-11 Aug > AJV (?)
20-24 Maart > Waterkloofdam (Koster)	27-29 September > Drie Berge (Brits)
18-22 April > Klipdraai (Meyerton)	11-13 Oktober > SAWA 50Jaar (?)
17-19 Mei > Buffelspoort (Mooinooi)	22-24 November > Aasvoëlkrans (Magalies/Rustenburg)
1 Junie > Goudrifdinee: 35ste verjaarsdag! (HS Riebeeckrand)	Desember > Geen saamtrek
14-16 Junie > Weesgerus (Nylstroom)	

Goudrif se 35ste verjaarsdag val op Sondag 9 Junie 2019 maar ons vier dit reeds die vorige Saterdag die 1ste Junie 2019 met 'n spoggerige dinee vir al die Goudriwwers en genooide gaste in HS Riebeeckrand se hotelskool restaurant. Moet nie hierdie geleentheid mis nie!

Die AJV saamtrek 8-11 Augustus 2019 vind plaas op Gebiedsvlak en gedurende hierdie langnaweek is Streke Goudstad, Roodekruin, Wesrand, Goudrif, Kosmos en Schoonspruit saam getrek by 'n oord wat nog deurgegee sal word. Die streke se AJV's is dan versprei oor die loop van die naweek met 'n lekker groot makietie die Saterdagand.

11-13 Oktober 2019 is die jaarlikse Nasionale Saamtrek wat deur HK gereël word. Die oord waar die dinge gaan gebeur sal nog deurgegee word en die tema is SAWA se 50ste verjaarsdag – lees gerus weer die Goudrif Geskiedenis op die SAWA webwerf. (Ietsie meer oor Goudrif se webbladsy later.)

Jaarliks in Desember is geen saamtrek, maar wie weet, dalk 13-16 Desember 2019 'n 'fakkelyt' saamtrek as 'n 'tuisblyers' te Roepersfontein, 25km duskant Potchefstroom. Dit kan saam val met die Geloftefees aldaar. Details volg later om dan 'n besluit te neem.

Goudrif webbladsy.

Waar kry mens Goudrif se webbladsy? Gaan besoek gerus die SAWA webwerf by www.sawa.org.za, klik op 'Gebiede & Streke', af na Goue Weste en regs na Goudrif en siedaar ... Lees gerus die 'Kennisgewings', 'Kampnuus' en dan Goudrif se 'Geskiedenis'. Daar is ook 'n 'Argief' skakel wat jy kan deur blaai. Die afgelope 3 jaar was daar nie iemand wat eienaarskap geneem het nie maar ons gaan daadwerklik probeer om in die toekoms die dungsaaide inligting heelwat meer aan te vul.

Die verdeling van Goudrif, einde November 2018.

Ons buurstreek, Wesrand, was op die punt om gesluit te word weens die bedanking van die bestuur en niemand van die lede op die boek het meer gekamp nie. So 12 Goudrif-gesinne het met mekaar onderhandel en besluit om te migreer na Streek Wesrand, dáár die SAWA aktiwiteite voort te sit en dié streek te red van ondergang. Dit was ongelukkig die hele Goudrif bestuur en ondersteuners. Ons wens die nuutgevormde Streek Wesrand alle sterkte en voorspoed toe vir maande en jare wat gaan volg

Die oorblywende Goudriwwers het onder die toesig van Francois, die Gebiedvoorsitter, weer geherorganiseer en met heelwat uitgedunde getalle 'n voortsettings-kommittee aangewys onder Johan & Bettie se bekwame leiding, met hulle jare se ondervinding en entoesiasme (sien in 'n volgende artikel meer hieroor).

Goed om te weet dat in Junie 1984 Streek Goudrif afgestig het van Streek Wesrand en nou kon die dogterstreek bydra om die moederstreek weer op die been te help.

Ons groet die Barnard-gesin.



Gerrit & Christa en hulle kinders Ruben & Karlie was 'n klompie jare gelede Goudriwwers en het toe Kaap toe verhuis en nie daar aan SAWA aktiwiteite deelgeneem nie. Met hulle terugkeer het hulle weer by Goudrif aangesluit vir 'n paar jaar, maar hulle omstandighede is nou weer so dat hulle nie meer aan SAWA aktiwiteite kan deelneem nie. Ons eer hulle besluit en wie weet – dalk met die derde terugkeer na Goudrif maak hulle ou bene ... (Foto's – Facebook)

Die 'nuwe' Goudrif se voortsettings-kommittee.

Sameroeper(Voorsitter): Johan Fouchee.

Assistent Sameroeper(Ondervoorsitter): Elizet Fouchee.

Sekretaris: Bettie Fouchee.

Penningmeester: Christine Ludick.

Addisionele lid: Rina Barnard.

Senioburger Verteenwoordiger (Burgerrmeester): Frans Ludick.

Daar is geen tekort aan entoesiasme by hierdie spannetjie nie en hulle sien uit na 'n "Gr'8" 2019 ...

Banksake.

Die 'nuwe Goudrif' wou weer die ou bank rekening van 1984-2016 by Nedbank laat herleef, maar die bankstelsel laat dit toe nie toe nie. Die opsies by die die groot banke is ondersoek en die lede gee die bestuur 'n mandaad om die aanbod van ABSA Bank te aanvaar. Die bankdetails is vanaf 18 Desember 2018 soos volg en skep sommer dadelik op jou rekenaar hierdie begustigde:

Bankiers: ABSA Bank – Randfontein

Tipe rekening: Klubrekening (spaar)

Rekeningnommer: 93-4593-1024

Aanlyn takkode: 632-005

NotifyMe: 074 204 1179

Hierdie rekening gaan bedryf word soos 'n Stokvel en lede se inbetaalde fondse gaan aangewend word vir (toekomstige) kampgelde, maar, sal ook teen 'n klein premie getrek kan word, vir persoonlike gebruik. Fynere detail in die tyd wat kom!

Boodskap vanaf die Voorsitter.

Wees gegroet almal.

2018 lê op sy rug en mag die komende feestyd vir elkeen weereens iets besonders wees met Kersdag die hoogtepunt. 'n Baie Geseënde Kersfees, vir elkeen en mag die vreugde van Kersfees vir elke gesin baie spesiaal wees.

2019 is met die skryf van hierdie boodskap, net bietjie meer as 'n week vorentoe. Volgende jaar is SAWA 50 jaar oud en Goudrif 35 jaar oud en die twee verjaarsdae gaan voorwaar op luisteryke wyse gevier word. Die hoogtepunt vir Goudrif vir 2019 sal sekerlik die dinee wees wat die kommittee beplan vir Goudrif se verjaarsdag en, dit gaan gratis wees vir elke Goudrifgesin! 'n Heerlike 3-gang maaltyd is op die spyskaart. Ons beplan 'n spesiale spreker met 'n verrassing vir die aand! 'n Baie voorspoedige 2019 toegewens vir elke Goudriwwer.

Vergun my die geleentheid om bietjie idealisties te wees – kom ons verras ieder en elkeen en maak die Presidente 2019 saamtrek 'n 100% kampbywoning vir Goudrif en raap weer die bywoningstroofe op – dagboek sommer nou al paasnaweek 2019, vir die Presidente Saamtrek!

Finansieël begin Goudrif 2019 met nie veel in die kas nie. Fondsinsameling sal vir ons prioriteit wees en enige voorstelle, behalwe dit wat reeds op die tafel is, sal baie waardeer word.

Ten slotte, is dit my gebed vir elke Gouriwwer dat die Here vir jou goed sal wees, vir jou sal sorg, jou raaksien, Sy liefde gee en voorspoedig maak. *Johan.*